

Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968 www.onskontrei.co.za
5 DESEMBER 2025 - JAARGANG 57-1705 R7.00 Inklusief
Telefoon: 027 213 2074 E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

DAMSTAND
3 Desember 2025 - 78.80%
3 Desember 2024 - 97.63%
Reënval vir die week:
Geen

MBD Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
Begrafnisdienste
Vredendal

Ontwikkeling van nuwe myn vorder goed



Lugfoto van Steenkampskraal Monazite Mine. Lees volledige berig op bl. 3.
Foto: Verskaf.

LEES BINNE:

Munisipaliteit sloer met Stasie 45 kontrak bl 3

Tiener deur slang gepik bl 5

Huise oorhandig in Matzikama bl 6

Weervoorspelling vir die week
Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
MBD Begrafnisdienste Vredendal

Don. 04/12 13°/42°	Vry. 05/12 14°/34°	Sat. 06/12 14°/34°	Son. 07/12 14°/33°
Ma. 08/12 14°/31°	Di. 09/12 14°/32°	Wo. 10/12 17°/35°	Inligting verkry vanaf AccuWeather 03 Des. 2025

Markie
Die Handelspos @Museum
Lambertsbaai
Datums vir Desember markies
6 Desember 2025
13 Desember 2025
30 Desember 2025

30 Des saam met markie ons Jimmy Sauce Potjiekos & Potbrood kompetisie

Bespreek jou stalletjie by:
Helga Bouwer 066 208 6234
Ten bate van Sandveld Museum

FAMILY FUN COUNTRY FAIR
ELANDS BAY

WE ARE HOSTING THE BIGGEST FAMILY FUN FAIR THIS DECEMBER AND WE ARE LOOKING FOR VENDORS, ARTISTS AND ENTERTAINERS TO BRING FUN, FRIENDSHIP AND FAMILY TO THE SANDVELD!

BE PART OF BRINGING LIFE TO OUR COMMUNITY.

SATURDAY DECEMBER 06
STARTING 10:00 TILL LATE

VENSTERKLIP Village

FOR MORE INFORMATION 068 883 8189

Strandfontein Kersmark
Munisipale saal
5 - 20 DESEMBER 2025

Vry. 5de: 09:00 - 18:00
Sat. 6de: 09:00 - 16:00
Sondae: Geen mark

Ma. 8ste - Don. 11de
09:00 - 18:00

Vry. 12 Des (AANDMARK) 09:00 - 20:00
Sat. 13 Des: 08:00 - 15:00
BASAAR

Ma. 15 Des - Vry. 19 Des
09:00 - 18:00
Sat. 20 Des: 09:00 - 14:00

Navrae: 082 882 6434

Matzi Music Festival
LIVE MUSIC, OUR SHOW, FOOD

MUSIC BY:
TEMPLE BOYS, THEN SPINZ AND MORE
WATCH SPINXBOONDI VS WOLVES ON BIG SCREEN

FRIDAY 6 | 28 6 28
SATURDAY | NOVEMBER 2025

VREDENDAL NORTH SPORTS GROUNDS

CONTACT NUMBER 067 738 7626

AKTUELE NUUS

SAPD lê beslag op dwelms Suksesvolle naweek vir skofte

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

Berig: Kaptein Ludick

Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Konstabel SW van Rheenen en ander lede van Clanwilliam SAPD was Vrydag, 28 November om 20:20 na Rondeberg op pad om 'n ander voertuig van die SAPD by te staan met verkeer regulering.

'n Wit Hyundai met 'n CBY registrasienommer het voor hulle gery. Die motor het skielik voor hulle 'n onveilige stop langs die N7 gemaak. Van Rheenen het die motor genader. Die bestuurder het aan hom gesê dat 'n passasier in die bosse wil gaan urineer. Van Rheenen het opgemerk dat die man senuweeagtig voorkom. Hy het die man deursoek en dwelms in sy besit gevind.

Die verdagte het 500 Mandrax tablette by hom gehad. Van Rheenen het die man gearresteer vir Handel in Mandrax. Die verdagte is stasie toe geneem. Die dossier is aan speurder-adjutantoffisier Jannie Goeieman oorhandig vir verdere

ondersoek. Die verdagte is reeds onder-
vra en aangekla. 'n Speurder van Vredendal het sy woonadres bevestig. Hy is woonagtig te Nqawu, Vredendal-Noord. Die pille is ingehandig en sal na ontleding dien as bewysstukke.



Die Mandrax tablette waarop beslag gelê is.

VANRHYNSDORP: Die A-skof van Vanrhynsdorp SAPD het op Saterdag 29 November 'n hele paar dwelmarrestasies gemaak. Konstabels Jason Filand en Furnill Filander het onder die wakende oog van sersant Berenice Strauss weer die gemeenskap gedien met stop en deursoekaksies. Vyf dwelmsake is ingebring en sersant Strauss en konstabel Filand het ook persone met gevaarlike wapens gearresteer.

Vir C-skof het beide konstabels Jessy Filander en Megan Horne ook dwelmarrestasies gemaak. Die lede word bedank deur die stasiebestuur vir hul volgehoue diens en aangemoedig om dit voort te sit.

Een van die gevaarlike wapens waarop beslag gelê is.



HIV en Vigs steeds 'n pandemie

Berig: Kaptein Ludick
Foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Vanrhynsdorp SAPD in samewerking met 'n aantal rolspelers in die gemeenskap het op Maandag, 1 Desember deelgeneem aan 'n HIV en Vigsdag geleentheid.

Sowat 69 lede van die gemeenskap en 23 rolspelers het in die gemeenskapsaal

vergader en daar het pragtige boodskappe uitgegaan. 'n Kersseremonie is deur die gesondheidswerkers gehou, asook 'n ballon vrylating. Almal is op die dag herinner dat die stryd teen HIV en Vigs nie verby is nie. Dit was 'n dag van refleksie, bewusmaking en mees belangrik, die neem van aksie teen die pandemie.



Van die rolspelers wat die dag bygewoon het.

Report GBV:

Emergency and command center numbers: Police Emergency: 10111
Gender-Based Violence Command Centre: 0800 428 428 (toll-free, 24/7)
LifeLine South Africa: 0800 150 150 (toll-free, 24/7 call and WhatsApp)
Sonke Gender Justice: 0800 333 059 (toll-free whistleblower hotline)
Other reporting options
SMS: SMS "help" to 31531 for assistance via the GBV Command Centre.
USSD: Dial 1207867# for a "please call me" service from the GBV Command Centre. Local Police Station: Go to the nearest police station to report the incident. WhatsApp: Contact LifeLine South Africa on 0800 150 150.

Wyk 3 beveg geslagsgeweld

Berig: Mariaan Smuts

CLANWILLIAM: Wyk 3 is aaneenlopend besig tot 16 Desember met hul 16 Dae van Aktivisme vir Geen Geweld teen Vroue en Kinders. Raadslid Maxwell Heins sê. "Daar is geweld wat nie altyd sigbare kneusplekke laat nie. Soms kruip dit weg in die stilte na 'n toegeslaande deur. Die verskoning wat nooit kom nie, die manier waarop 'n vrou terugdeins wanneer 'n man sy hand ophig, al is dit net om sy kop te krap. Geslagsgebaseerde geweld is nie 'n gebeurtenis nie; dit is 'n atmosfeer, 'n

stadige gif wat die samelewing inasem tot dat hulle glo dit is suurstof."

In Clanwilliam is daar mense wat besluit het dat hulle dit nie meer sal inasem nie. Hulle is nie superhelde nie, hulle dra nie 'n mantel nie. Hulle sê bloot dieselfde ding: Nie hier nie, nie meer nie.

"Wanneer ons in Clanwilliam praat van die beëindiging van geslagsgebaseerde geweld, hou op wag vir redders in pakke om met vyfjaarplanne en glansverslae neer te daal. Die redders is reeds hier. Hulle is moeg. Hulle is gewoon. Hulle word bedreig. Hulle treur. En steeds sal hulle kies tussen die vuur en die gesig, tussen die

bedreiging en die kind, tussen wanhoop en môre. Eer hulle deur hulle raak te sien. Voorsien hulle van hulpbronne sonder dat hulle hoeft te smee vir hulp. Beskerm hulle wanneer die terugslag kom, want dit gebeur altyd," sê Heins.

Verder sê Heins: "Wanneer jou eie oomblik aanbreek, of dit nou in 'n hofsaal, 'n klaskamer, 'n kerk, 'n kroeg of op 'n familie WhatsApp-groep is, om te praat of stil te bly, onthou hul name wat jy nie ken nie en die nagte waarvan jy nooit sal hoor nie."

Heins sê die wêreld verander wanneer gewone mense besluit dat iemand anders se dogter, suster, ma of ouma ook hulle sin is om te verdedig. Dit is elkeen se besluit.

NEEM KENNIS

Alle drukwerk bestellings moet geplaas word voor die 5 Desember 2025 om dit voor die 17de Desember te ontvang.

Ons kantore sluit die

18de Desember en open 12 Januarie 2026.



PROTEA DRUKKERY

Centralstraat 8, Vredendal, Tel: 027 213 2074

info.onskontrei1@gmail.com of ads2.onskontrei@gmail.com

HOOF NUUS

Steenkampskraal Monazite Mine byna gereed vir produksie

Berig: Annemarie Munnik

VANRHYNSDORP/KLIPRAND/NUWERUS:

Steenkampskraal Monazite Mine is ongeveer 71 km noord van Vanrhynsdorp geleë. In die uitgawe van 17 Maart 2023 het Ons Kontrei berig dat dié myn vyftien skaars elemente bevat, insluitend dié wat gebruik word om elektriese voertuie en windturbines te bou.

Die huidige bestuurspan is nou al vir twee jaar in plek, en bestaan uit doktor Enock Mathebula - voorsitter en direkteur, Robbie Louw - direkteur en waarnemende hoof-uitvoerende beampte van Steenkampskraal Holdings Beperk, Tyrone Searle - direkteur en hoof-uitvoerende beampte en Graham Soden - direkteur, hoof-uitvoerende beampte van Steenkampskraal Monazite Mine Proprietary Beperk en mynbestuurder.

Ons Kontrei het die volgende vrae aan die bestuur gerig:

Do you think the production tempo will still be 2700 ton rare oxides for more than 20 years?

This is our expected production of REE Oxides during the first year of production, this will be doubled during year 2 as our steady-state production, and with the planned expansion we will have a Life of Mine of +30 years.

In the previous article Mundell mentioned that the mine would be on a roll in 2024. When do you expect full operations to begin?

This was not achieved as the mine was still in the process of concluding authori-

zation processes through the National Nuclear Regulator. The mine has now completed the construction and commissioning of the laboratory scale plant and has also raised funds through the IDC for Phase 1, allowing the mine to commence the construction of the Metallurgical Concentration Plant.

In 2023 the mine was busy sourcing funding of R35 million and still needed between 15 and 20 million dollars to start up. Are these issues resolved?

This was not funded at that stage, but we are now funded to R184m by the IDC for phase 1 and are far advanced with partner and funder negotiations to raise further capital to expand the project during 2026 and 2027.

What has been the most challenging part of managing this project so far?

Legacy information that was inaccurate and a strategy that was not achievable; in early 2023 the new team decided to bring the project out of care-and-maintenance and to de-risk it by commencing with the operational planning and construction phases, all of which have now started to bear fruit.

How many jobs will the mine create for local residents, both directly and indirectly?

In total, once the mine goes into full steady-state production the total employee complement will be in the region of 244.

Will the mine prioritize hiring from the surrounding communities?

Indeed, and this forms the core of our

Social Development Plan; should specialists be brought in, local staff will be employed to shadow these specialists to a point where they can acquire suitable qualifications to take over these roles.

How do you see this project contributing to the local economy in the next few years?

This is a very broad question; the company's strategy is to ultimately do as much beneficiation in South Africa and export only highly processed elements. This will ensure that the wealth generated by these more valuable items is retained in SA. This will also have a major impact on creating jobs in the affiliated industries and the service industries in SA.

How are you working with local environmental groups or regulators to ensure compliance with standards?

This goes without saying; we remain fully compliant on all aspects as required under the MPRDA, MHSA and NNRA.

How has the company engaged with the local community so far?

We have an approved Social and Labour Plan (S&LP), and to this end we have community forums which are geared to interact within each community to transfer information and requirements to and from the mining operations. This is a challenge as there are individuals within some of the communities who have an attitude of entitlement and greed which can make it difficult to want to continue helping these communities.

Are there community investment plans such as infrastructure, education, or health initiatives connected to this project?

Yes, this is all covered under the approved S&LP.

How do you see this project fitting into the region's broader economic development plans?

This area of the Matzikama Municipality is financially and socially under extreme strain. The mine can and will create many jobs in the region, assist the communities in the upliftment and growth, and will retain skills, both on the mine and service companies, in the area; this will bring revival and growth to a region that is shrinking instead of growing and thriving. All of this is the foundation to our S&LP which will grow in extent and value as the mine grows.

What message would you like to share with local residents about this new mine and what it represents for the community?

The communities as a whole actually understand that the project is only now coming into operational status and it will be a while before they will reap the benefits; they need to be patient and let things take its course, and they need to within their own community take control of individuals who continually try to force their own agendas onto the company and its operations in an attempt to enrich themselves under the guise of doing things for the community. This needs to be controlled as the mine is not forced to deal with any specific community, and we retain the right to curtail our involvement in these specific communities because of a handful of greedy individuals.

Lewensredders probeer hul bes met dit tot hul beskikking

Berig: Annemarie Munnik

STRANDFONTEIN: Vakansiegangers regoor die land stroom Desember na dié kusgebied, maar ongelukkig is dinge by Stasie 45 nie in plek nie.

In Desember 2019 is een van die lewensredders, Clive Cerff aan diens oordele. NSRI hoofkantoor het dieselfde dag Stasie 45 gestig saam met Matzikama Munisipaliteit.

Tania Fouché was tussen Januarie 2020 en Mei vanjaar die stasiebevelvoerder. NSRI verskaf alles wat nodig is om Stasie 45 operasioneel te hou. Al wat die munisipaliteit verskaf is die gebou en die lewensredderkontrakte.

Fouché sê oor die jare het die bemanning gekwalifiseer op verskeie vlakke en ook konstante opleiding ontvang. Die bemanning was deel van die seerreddings- en lewensredderspan. NSRI is 24/7 aan diens en die lewensredders seisoenaal.

Die lewensredders is veronderstel om deur die munisipaliteit betaal te word. In Mei het die span 14 man sterk gestaan. Die afrit wat toegang bied tot die strand vir die JetRib en die 4x4 motorfiets, het gedurig weggespoel. In 2022 het NSRI 'n nuwe houtafrit gebou, maar dit het ook weggespoel. Die munisipaliteit het gereeld sand/klip gegooi, maar die het ook net weer weggespoel.

Lewensredders het daarna naweke dit self probeer regmaak, maar sonder sukses. Dit het baie van hulle opleidingure geneem wat teen hulle getel het. NSRI verwag 12 "crew-ure" oor drie maande.

Geen afrit, geen lansering en geen ure het teen die stasie getel.

Maart was 'n plan in plek, danksy borge uit die omgewing om 'n nuwe afrit te bou sodat Stasie 45 weer 24/7 operasioneel kan wees. In Mei 2025 het NSRI in 'n dringende vergadering met Fouché gedeel dat die munisipaliteit tot op hede vir

ongeveer twee jaar geen huurkontrak vir die gebou in plek het nie. Die lewensredderkontrak het ook in April verval. NSRI het die stasie geen keuse gelaat nie en het die JetRib op 20 Mei kom haal en kort daarna die 4x4 motorfiets.

Stasie 45 val nou onder Stasie 24 van Lambertsbaai en net die lewensredderspan het oorgebly, hande afgekap.

Danny Human is aangestel by NSRI se Stasie 45 en verteenwoordig die lewensredders. Die span het al kleiner geword, want die seerreddingspan het 'n groot leemte gelaat.

In Oktober het die lewensredders al met opleiding in hul eie tyd begin vir voorbereiding vir die seisoen. Naweke doen hul ook gratis diens, want die strande raak besig.

Steeds is NSRI nie betrokke nie, want die lewensredders en huurkontrak is steeds nie in plek nie.

Human sê NSRI het 'n tender ingesit vir

die lewensredderkontrak, maar dit is nog nie goedgekeur nie. Hy sê na vele navrae het hulle nog niks gehoor nie, behalwe dat dit in die proses is. NSRI kan ook nie die noodsaaklike toerusting aan Stasie 45 verskaf voordat daar nie 'n kontrak in plek is nie.

Intussen hou lewensredders maar gratis 'n ogie oor vakansiegangers. Met feesseisoen om die draai en sonder die nodige toerusting kan lewensredders maar net hoop 'n erge ramp speel nie in die omgewing se strande af nie.

Ons Kontrei het navrae gerig aan NSRI hoofkantoor, wat op hierdie stadium nie 'n

formele verklaring kan uitreik nie.

Matzikama Munisipaliteit is ook vir kommentaar genader en teen druktyd is nog geen terugvoering ontvang nie.

VERKIESINGSKOMMISSIE NOMINASIE VAN KANDIDATE – CEDERBERG MUNISIPALITEIT TUSSENVERKIESING WYK 4

'n Tussenverkiesing vir die kies van 'n wyksraadslid vir **Wyk 4** word geskeduleer vir Dinsdag, 03 Februarie 2026

Nominasies van kandidate sluit op **15 Desember 2025 teen 17:00 en moet ingehandig word by die OVK kantore in Clanwilliam: 09 Voortrekker Straat Clanwilliam**

Geregistreerde kiesers in **Wyk 4** kan hul stem by die volgende stemlokale vanaf **07:00 tot 21:00** op Dinsdag, **03 Februarie 2026** uitbring:

Wyk	Stemdistrib	Naam van stemlokaal	Adres
10102004	97640017	Graafwater Spesiale Skool	Van Der Stel Str, Graafwater
10102004	97730017	Elands Bay Community Hall	Main Rd, Elands Bay
10102004	97820028	Sandberg NGK Primêre Skool	Sandberg Plaas

Let Wel: U kan slegs in die stemdistrib stem waar u geregistreer is. Aansoek vir spesiale stemme vind plaas tussen **19-23 Januarie 2026 om 17:00.**

Navrae kan gerig word aan :
Bayron Adams: 022 921 3546

ENSURING FREE AND FAIR ELECTIONS



Kersmark

NG Kerk Lambertsbaai
Kerksaal
15-19 Desember 2025

VAN JUWELE, SPEELGOED, EETGOED TOT ALLERHANDE MOOI-GOED!

- Pannekoek
- Jaffels
- Basaar Poeding
- Ligte Etes
- Kersboom & Kersvader (12h-13h daaglik)

- Inkleur kompetisie
- Poppekas (10h daaglik)
- Mini Kersfees Fotosessies
- Opmaak van geskenke
- Verskeidenheid stalletjies

Tye:
Ma. - Do.: 09:00 - 16:00
Vr.: 09:00 - 14:00

Hou ons facebook blad dop vir daaglikse inligting.
Vir enige navrae kontak 071 876 1645

Tea Trolley met heerlike kookke & Nampak Coffee

BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2025

Stuur gerus 2025 se datums
na info.onskontrei1@gmail.com

ELANDSBAAI:
Family Fun Country Fair
Saterdag, 06 Desember
vanaf 10:00
Vensterklip Village
Navrae: 068 883 8189

LAMBERTSBAAI:
Markie
Saterdag, 06 Desember
Die Handelspos @ Museum
Navrae: 066 208 6234

VANRHYNSDORP:
Christmas Carols
Full Gospel Church
Sondag, 07 Desember
om 16:00
Vanrhynsdorp Community hall

CLANWILLIAM:
Cederberg Arts Festival
Saterdag, 13 Desember
Clanwilliam Sportgronde
Navrae: 072 508 2103

VREDENDAL:
Nicolis Louw
Vrydag, 12 Desember
om 20:00
Maskam Brewing Company (MBC)
Navrae: 082 501 3895

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Ons Kontrei
Ons mense se koerant

UITGEWERS:
Riaan Oberholzer
Marinda Oberholzer

REDAKSIE:
Annemarie Munnik 082 657 3182
edit.onskontrei1@gmail.com
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za
(Cederberg)

GRAFIESE ONTWERPER:
Marieta Swanepoel
info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:
Annemarie Munnik 082 657 3182
ads2.onskontrei1@gmail.com
Matzikama-area
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za
Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:
027 213 2074
acc.onskontrei@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

Eers huilend, dan singend: "Die Leeu, Lam is waardig!"

Beleef jy soms verskillende gemoedstoestande? In Openbaring 5 word daar *gehuil* en jubelend *gesing*! Terwyl die kerk rondom God se troon sit, sit God met 'n boek beskryf met al die raadsbesluite van die verlede, hede en toekoms in sy regeerhand. 'n Sterk engel roep: Wie is waardig om die boek oop te maak om die raadsbesluite van God in vervulling te laat gaan? Johannes huil: Daar is niemand waardig genoeg nie!

'n Ouderling rondom God se troon sê: Moenie huil nie, jy gaan netnou hoor hoe die ontelbare kerkmense saam met baie engele en die lewende wesens gaan *sing*! Daar is die Leeu uit die Judastam, wat terselfdertyd ook die Lam van God is, wat waardig is om die boek oop te breek.

Volgens Genesis 49:8-10 is die Judastam die koningstam. Juda is die wortel (beginpunt) van koning Dawid. En soos God belowe het, is Jesus uit hierdie koningshuis gebore. Maar uit die Judastam en koningshuis is daar soveel sondige en owerpelige mense afkomstig dat Jesus eers Homself as sondelose offerlam moes aanbied om te betaal vir ons sonde.

Toe die kerk (ouderlinge) en die lewende wesens vanuit God se troon Jesus as die Leeu en die Lam sien uitkom en die boek uit die regeerhand van God neem, val hulle elkeen met 'n musiekinstrument en die welriekende gebede van die gelowiges voor die Lam neer.

Hulle sing 'n nuwe lied: "U is waardig!" Hoekom? "Want U is geslag en het ons vir

God met u bloed gekoop ... om ons konings en priesters vir onse God te maak." As 'n refrein by hierdie lied sluit die stem van baie engele rondom God se troon by die lewende wesens en die ontelbare ouderlinge aan. Hulle sing weer: *Die Lam is waardig om te ontvang ... sewe volmaakte lofsegginge: krag, rykdom, wysheid, sterkte, eer, heerlikheid en lof.* 'n Derde koorlied volg uit die mond van elke skepsel: *Aan die Lam kom toe die lof, eer, heerlikheid en krag!* 'n Vierde koor sing: "Amen!" , en die kerk val biddend voor Hom neer ...! Glo jy? Dan gaan jy wat nou huil, jubelend saamsing! Oefen solank!

Dominee Arie Stavast

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na: redakteur.onskontrei1@gmail.com en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie. Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

Hoe vër kan onse munisipaliteit nog val

Dis Saterdagmiddag en ek en Dik Hendrik maak eers laat vuur, want die rugby meng in met ons aktiwiteite!

Dis weer die raad en die munisipaliteit wat ons tot raserny dryf. Ons in Ou Dorpie is mos telkemale sonder water en om slegs bier te drink as jy dors is, raak nou duur! Dis toe wat ou Dikkes met twee koerante te voorskyn kom. Eerste lees hy voor uit onse plaaslike koerant se briewekolom. Onse dokter slaan die spyker op sy kop. Die raad en amptenare is "useless" en die inwoners moet nou opdok vir hulle foute. Dik Hendrik is gatvol, want met die paar sonpaneel word hy nou uitgebuit en letterlik besteel en kan hy nie sy stelsel registreer nie. Ook moet hy nou "wallet," word vir hom vertel?? Hoekom??? Hy het mos nie 'n voorafbetaalde meter gehad nie en nou is dit voorafbetaald! Dis niks anders as bedrog nie - misleiding, om die minste te sê! Hierdie munisipaliteit en sy kornuite is besig om ons as inwoners te druk na 'n

punt waar ons nie meer verantwoordelikheid vir ons dade gaan aanvaar nie. Julle dink ons gaan julle nog lank verduur, maar ons het nuus vir julle!

Hendrik vertel my hoe hy op internet gesien het dat ons agbare burgemeester en 'n ander raadslid intens betrokke was by die behandeling van troeteldiere (die meeste is verwaarloos). MAAR hulle skitter in hulle afwesigheid by die sake wat werklik krities is! Die wityne se afwesigheid op die straatoppervlaktes hou 'n wesenlike gevaar vir motoriste in, veral vir die vakansiegangers wat nie ons dorp se strate so goed ken nie. Die spoedwalle is onsigbaar in die nag, want die wityne het al heeltemal verdof en is pikswart.

My ou dik vriend is nou opgewarm. In 'n dagblad van 29 November is daar 'n artikel oor Swartland Munisipaliteit wat as die beste munisipaliteit in die land aangewys is. Wat maak daardie munisipaliteit so suksesvol? Hendrik verseker my dat hy die

antwoord het!! Daar is KUNDIGE mense in bestuursposisies. EN verder..... Dit is mos 'n DA-beheerde munisipaliteit???? Maar ons besef toe dat dit nie die politiek is wat die suksesresep geskep het nie. Onse DA en AWB (Jammer, VF+) alliansie se kundigheid en kapasiteit ontbreek. Die DA of VF+ maak geen munisipaliteit suksesvol nie! Dit is kundige amptenare met integriteit en beginsels wat die sukses bring. Ons het nie 'n raad nodig nie, die Inbelsentrum het hulle rol oorgeneem en ons kan in die toekoms vir die Inbelsentrum stem. Hulle doen ten minste iets! Kundige mense moet as kandidate na vore kom, mense wat weet van bestuur, finansies, tegniese onderhoud en wat ook 'n visie het vir ons streek en sy mense. Ons is moeg daarvoor om na niksseggende "verbale persverklarings" op Facebook te luister of om na die "call centre" verwys te word as daar probleme is.

-Jansalie

Steeds geen antwoord

Geagte Minister Bredell. Hier's ek weer voor jou deur - een week na verlede Maandag. Ek wonder net wat het intussen gebeur, aangesien ons geen kommunikasie terug ontvang het nie. Ek wil maar net aan u stel dat ons gemeenskap BAIE ERNSTIG is oor die swak dienslewering. Sedert die blommeseisoen, is niks noemenswaardig gedoen

om ons dorpe skoon te maak nie. Skoffelwerk op sypaadjies, skoonmaak van waterafleidings, strate skoonmaak, vullis optel en verwydering - en noem maar op - gebeur net nie. Werkers verdwyn bedags in 'skuilplekke' - word betaal om te skuil - en GEEN WERK WORD GEDOEN NIE. Munisipale amptenare sit in kantore en doen GEEN opvolg of inspeksies nie.

Net 'n voorbeeld; ons een rouwater stoordam op Klawer is sedert Julie 2025, leeggemaak om skoongemaak te word. Glo my - dit is steeds leeg en NIE skoongemaak nie. Daar is 'n uitdrukking in Afrikaans: 'Hulle vee hulle g...te daaraan af'. Jammer vir die reguit benaming. Ek kry nogal die indruk op die manier waarop my briewe beantwoord word - dieselfde. Vergewe my vir reguit en kras gesegdes. Ons is moeg vir lamsakkigheid.

-Dokter SP Tredoux

So bring Kersfees ons weer bymekaar

Lucas Maree, bestuurder van Avbob op Vredendal vertel tydens 'n besoek aan Avbob hoofkantoor in Durbanville, maak hul kennis met 'n Kersvertoning deur Melanie Labuschagne en Therine Nel. Hulle nooi hul terstond om op Vredendal te kom optree. Die twee dames het hul eie besigheid begin met die naam Crown Create. Hul opgeruimde optrede met sang en grappies by Vredendal Tehuis vir Bejaardes het almal laat glimlag. Met hul mooi stemme sing hul Kersfees Kom en na-

tuurlik ook Stille Nag.

Die vrolike seremoniemeesters was Crystal Barnes en Ashwil Engelbrecht. Uiteindelik speel Avbob werklik Kersvader met handige geskenke wat uitgedeel word. 'n Handige klein dagboek om datums in aan te teken, volledige almanak vir 2026, en 'n baie mooi streektydskrif oor die Waterberg en ook 'n kopie van die Plus tydskrif. Baie dankie Avbob. Ons het julle baie geniet en is almal met glimlagte daar gelaat.

-Julene Stephan

"Sometimes the best
Christmas present
is remembering
what you've already got."

— CATHY GUISEWITE



AKTUELE NUUS

Garmin SOS red tiener na seldsame slangbyt

Berig: Mariaan Smuts

CEDERBERG: 'n Tienerseun is Vrydagoggend, 28 November per helikopter na veiligheid gebring nadat hy vermoedelik deur 'n klein Rooi Adder gepik is. Hy het in 'n afgeleë deel van die Cederberge gestap. Die groep leerders het van Kromrivier na Sneeu Berg gestap en het dadelik tot aksie oorgegaan toe die leerder aan die hand gepik is terwyl hy sy skoen-veters vasgemaak het.

Gelukkig was die uitstappie noukeurig beplan. Elke groep leerders het betroubare kommunikasieprotokolle gevolg met ligging wat aktief via Garmin InReach toestelle gemonitor is. Die tieners het onmiddellik gereageer. Hulle het 'n foto van die slang geneem om die spesie te bevestig en alarm gemaak. Volgens hulle was dit 'n Bergadder, maar 'n kenner meen dis 'n Rooi Adder wat hom gepik het.

'n Klein reddingspan aan boord van die Wes-Kaapse Regering se Gesondheids- en Welstand EMS en die Air Mercy Ser-

vice (AMS), helikopter is vinnig ontbied.

Die jong stapper is van die berg opgehoys en dadelik na Kaapstad gevlieg vir verdere mediese behandeling.

Die voorval beklemtoon die waarde van noukeurige beplanning, vinnige denke en die regte tegnologie. Toestelle soos die Garmin InReach is meer as gerieflik, hulle is 'n reddingsboei in afgeleë wildernisgebiede.

Die groep word geprys vir hulle vinnige reaksie. Hulle wens die leerder 'n volle en spoedige herstel toe.

Die Wildernis Soek en Redding is 'n niwingsgewende netwerk van regerings-agentskappe en burgerlike vrywilligers wat saamwerk tydens soek- en reddingswerk. Lesers word aangeraai om die noodnommer, 021 937 0300, op hul fone te stoor en dit met ander te deel. WSAR kan ook gevolg word op sosiale media by <https://wsar.org.za/support-us/>

Na die voorval het die WSAR spanne, insluitend die Wes-Kaapse Regering se Gesondheids- en Welstandsdienste en

die AMS 'n nabetrugting gehou oor die suksesvolle redding van die leerder.

Hulle vinnige optrede, professionaliteit en koördinasie het verseker dat die jong stapper betyds mediese sorg ontvang het.

Die toegewyde redders word deur Cape-Nature bedank vir hul onvermoeide pogings en volgehoue toewyding aan veiligheid in die wildernisgebiede.

Die seun se ma het op sosiale media gesê haar kind is okey. Sy het AMS bedank vir hul wonderlike werk en hoe goed hulle die situasie hanteer het. Hulle bedank ook die skool se personeel vir kommunikasie en hantering van die situasie.

Eerste Kieries, Kole en Klets sien lig

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Die eerste Kieries, Kole en Klets geleentheid is op 29 November by Sederhof Tehuis vir Bejaardes aangebied. Die dag se kuier het heerlik uitgedraai en daar is lekker saam met die geliefde kerie brigade gekuier. Daar is ook lekker oor en weer geklets terwyl die kole die vleisie perfek bruin gebraaai het.

'n Koel oggend met 'n sagte suide-windjie het gesorg vir die ideale kuieratmosfeer. Die 86 gaste wat by gedekte tafels op die tehuis se stoep aangesit het, het die dag net nog meer spesiaal gemaak.

Die organiseerders, Gerda de Wet en Sanet Stander bedank elkeen wat saamgekuier het. Hulle bedank ook die ruim borge en helpers wat die dag moontlik gemaak het. "Julle onder-

steuning beteken meer as wat julle ooit sal weet," sê Stander.

Vir die inwoners van Sederhof beteken die tipe geleentheid die wêreld. Dit bring vreugde, warmte en 'n gevoel van behoort aan 'n omgee gemeenskap. Almal wat betrokke was dra by tot die inwoners se daaglikse geluk en die organiseerders waardeur dit uit die diepte van hul harte.

Die twee dames hoop om Kieries, Kole en Klets 'n jaarlikse instelling te maak waar almal as gemeenskap saamkom om by die kerie brigade te kuier.

Stander nooi almal wat by die Sederhof Taakgroep betrokke wil raak om hulle te kontak by 082 881 2459 of 067 088 6969. Sy sê hulle het altyd plek vir nog hande en warm harte wat saam 'n verskil wil maak.



Gaste kuier heerlik saam.

Skoon oudit vir Cederberg Munisipaliteit

Berig: Mariaan Smuts

CLANWILLIAM: Cederberg Munisipaliteit is trots om aan te kondig dat hulle 'n skoon oudit vir die 2025 finansiële jaar ontvang het, wat 'n belangrike mylpaal in hul verbintenis tot finansiële uitnemendheid aandui. Hierdie prestasie is 'n bewys van die raad en administrasie se toewyding aan goeie bestuur, finansiële dissipline en gesonde bestuurspraktyke.

In die 2022/2023 finansiële jaar het die raad robuuste finansiële beheer-, bestuurs- en dissiplinemeganismes en -beleide ingestel, wat ywerig deur die administrasie geïmplementeer is. Die munisipaliteit het 'n sterk fokus op finansiële volhoubaarheid gehandhaaf, met streng finansiële maatreëls, gesonde besluitneming en die aanstelling van 'n bekwame finansiële bestuur.

Die moeilike besluit van die raad om te verseker dat die munisipale begroting van 'n ongefinansierde na 'n befondsde begroting verander word, blyk 'n keerpunt in die munisipaliteit se finansiële reis te wees. Hierdie gewaagde stap het die raad se verbintenis tot fiskale verantwoordelikheid en hul vasberadenheid om die munisipaliteit se finansies op 'n volhoubare grondslag te plaas, gemonstreer.

"Ons het ook daarin geslaag om hierdie sukses te behaal onder die Wes-Kaapse Provinsiale Regering se herstelplan, wat ons in 'n korter tyd as beplan voltooi het," het die munisipale bestuurder, Gerrit Matthyse, gesê. "Hierdie prestasie is 'n

gevolg van die politieke wil en ondersteuning van die raad en ons is trots op die vordering wat ons gemaak het."

Die munisipaliteit het beduidende vordering gemaak om sy finansiële uitdagings aan te spreek, insluitend die vermindering van hul skuld aan Eskom van meer as R41 miljoen. Die Eskom-skuldverligtingsprogram het die munisipaliteit in staat gestel om streng beheermaatreëls te implementeer wat gelei het tot 'n suksesvolle afskrywing van een derde van die skuld. Met 'n konsekwente 98%-nakoming wag die munisipaliteit op die goedkeuring vir die tweede een derde afskrywing. Dit het die platform en dissipline geskep om op koers te bly in die laaste jaar om die volle afskrywing te bereik. Daarbenewens het die munisipaliteit, om dienslewering te verbeter, sy hele vloot voertuie, ter waarde van R22 miljoen, vervang sonder om nuwe lenings aan te gaan.

Ten spyte van hierdie prestasies erken die munisipaliteit die voortdurende uitdagings in dienslewering, insluitend die behoefte om verouderende infrastruktuur te herstel en te vervang. "Ons prioriteit is om te verseker dat ons ekonomiese infrastruktuur in stand gehou, opgegradeer of vervang word, en ons is daartoe verbind om beskikbare fondse te gebruik en bykomende toelaes van die nasionale regering te bekom om hierdie doel te bereik," het Matthyse gesê.

Lees Ons Kontrei ook aanlyn by www.onskontrei.co.za

NICHOLIS LOUW
live @
MBC MASKAM
12 DESEMBER
20:00
R90.00 p.p.
Kontak 082 501 3895 vir meer inligting

Christmas CAROLS
FULL GOSPEL CHURCH
VANRHYNSDORP
7TH DECEMBER 2025
@ 16H00
VANRHYNSDORP COMMUNITY HALL

Mooiloop
Kom loop saam met Oom Johan Carstens vanaf Strandstraat 94 tot by Grootvlei Gaste Plaas en terug
Dae wat ons stap
4, 11 en 18 Desember 2025
3 Januarie 2026
Tyd: 7:30
Drink 'n Koffie halfpad by die Koffiewinkel by Grootvlei
Navrae: Jacky Maree-Burger
072 341 4732

Teater Oppiduin
Lambertsbaai
17 Desember 2025
Bacchas tot Bekker
Regie: Tobie Cronje
Amorè Bekker
Plek: Grootvlei Gasteplaas Oppiduin
"Harvest Table" ingesluit
Kontant kroeg
Kaartjies R260.00 PP
www.quicket.co.za
Hetta Sanderson 0829203444

INDEKS

Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings

Three hundred and sixty two families to benefit from housing projects

Press release

BITTERFONTEIN: The Bitterfontein Housing Project will benefit approximately 98 families, with construction already underway and bulk services to be completed by March 2026. Minister Tertius Simmers officially launched the project on 2 December, at a sod-turning ceremony.

At the occasion, Minister Simmers said, "98 families are set to benefit from this crucial housing development. Once bulk services are installed, we will commence with construction of top structures. The Western Cape Government is delivering housing opportunities just like this all across the province. Providing stable, safe and affordable housing is part of our plan to drive economic inclusion, growth and jobs."

Minister Simmers also handed over 114 title deeds to families in Vredendal, after the successful completion of Vredendal North Phase 6 housing project which created 264 housing opportunities. The

Minister also announced that planning for Phase 7 is now underway.

"The construction of Phase 6 top structures started in February and already here we are handing over title deeds. This is delivery in action, providing safe and affordable housing to communities in Vredendal. The Western Cape Government is working across

the province to deliver project just like this - in fact, I am happy to announce that Phase 7 of this project is already in the planning stage," Simmers concluded. During the 2024/25 financial year, the Western Cape Government delivered 9632 housing opportunities across the province.



Minister Simmers with council members of Matzikama Municipality and residents of Bitterfontein.

Ontwikkelingsgerigte opleiding aan leierkorps

Berig: Verskaf

CEDERBERG/MATZIKAMA: Die eerste ronde van ontwikkelingsgerigte opleiding rakende doeltreffende Skool Gebaseerde Ondersteuningspan (SGOS-bestuur) volgens die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP-dokument) van die Departement van Basiese Onderwys, aan die Bestuurskorps van Weskus skole binne Kring 4 en Kring 5, het vroeër vanjaar plaasgevind.

Die doel van hierdie opleiding was om onderwysers en skole van Kring 5 toe te rus met korrekte en doeltreffende prosedures oor die hantering van inklusiewe ondersteuning aan leerders met spesifieke leerhindernisse en -uitdagings. Altesaam 29 skole se leierspanne het opleiding ontvang. Skoolhoofde, SGOS-koördineerders, skoolbestuurspanlede en posvlak 1-opvoeders was as span van elke skool verplig om deel te neem aan die opleiding. Daar is egter ook ruimte gelaat vir vrywilligers. 'n Totaal van 108 onderwysers is opgelei.

Die aanbieding is gelei deur die kringbestuurder, Chris Bam. Sy fokus was op wetgewing geskoei en

die verantwoordelikheid van die skoolhoofde en onderwysers.

Benette Greeff, die Leerondersteuningsadviseur, het prosesse binne die Screening, Identification, Assessment and Support (SIAS-model) van die Departement van Basiese Onderwys verduidelik en in lyn geplaas met SGOS-funksionaliteit.

Susan Carstens het kortliks geraak aan die Stop Misbruik-protokol van die WKOD, asook prosesse verduidelik rakende die aanmelding van leerders met psigo-sosiale probleme en hoe dit in lyn geplaas moet word met doeltreffende SGOS-funksionaliteit.

Die werkwinkel is met praktiese scenario's ondersteun en alle skole moes fokus op die korrekte voltooiing van tersaaklike dokumentasie. Die SIAS-proses is derhalwe ondersteun en moet prakties toegepas word binne die SGOS funksionering by elke skool om inklusiwiteit vir alle leerders te bevorder.

Hierdie werkwinkel was 'n eerste binne die Weskus waar die Distrik Gebaseerde Ondersteuningspan van Kring 5, skoolhoofde en hul span bemagtig is.

Pasella Ads
PASELLA ADS WORD GRATIS GEPLAAS
Geen handelaars.
Slegs 10 woorde per advertensie word toegelaat.

MBD **Begrafnisdienste**
ONS GEE OM **Vredendal**
Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)

Begrafniskennisgewings

DANIELS
FLIPPIE

02/05/1972 - 22/11/2025

Begrafnisdienste vind plaas op Sondag 07 Desember 2025 vanuit die huis te Welgedaan Plaas, Vredendal om 09:00.

Teraardebestelling Vredendal-Suid Begraafplaas.

DE WAAL
AREND EGBERTUS

25/08/1956 - 25/11/2025

Roudiens vind plaas op Vrydag 05 Desember 2025 in die NG Kerk Vredendal om 10:00.

Privaat verassing.

FORTUIN
ANNELIZE JENINE

20/08/1978 - 27/11/2025

Begrafnisdienste vind plaas op Saterdag 06 Desember 2025 vanuit die huis te Nuwestasie, Ebenhaeser om 09:00.

Teraardebestelling, Ebenhaeser Begraafplaas.

MATHYS
BET

23/07/1962 - 27/11/2025

Begrafnisdienste vind plaas op Saterdag 06 Desember 2025 vanuit die huis te Skoolstraat 30, Middelpas om 08:00. Kerkdiens in die Middelpas Gemeenskap Saal om 09:00.

Teraardebestelling, Middelpas Begraafplaas.

MOSTERT
JOHANNES CHRISTIAAN NICOLAAS

08/09/1932 - 01/12/2025

Begrafnisdienste vind plaas op Saterdag 06 Desember 2025. Kerkdiens vanuit die E.G. Kerk, Vredendal om 11:00.

Teraardebestelling, Hopefield Begraafplaas op Sondag 07 Desember 2025 om 10:30.

OPPERMAN
MARIA

24/06/1955 - 25/11/2025

Begrafnisdienste vind plaas op Saterdag 06 Desember 2025 vanuit die huis te Windkloofstraat 2, Loeriesfontein om 08:00. Kerkdiens in die V.G. Kerk, Loeriesfontein om 09:00.

Teraardebestelling Loeriesfontein Begraafplaas.

WEST COAST DISTRICT MUNICIPALITY
Weskus Gap Year
01/03/2026 – 28/02/2027

West Coast District Municipality in conjunction with the public and private sector is offering a gap year for Matriculants (Grade 12) in the West Coast Area (Weskus) for a period of 12 months at a monthly salary/wage/stipend.

Weskus will provide these Matriculants with a recognized skill – utilization will be in the following areas:

- Community Development & Disaster Centre
- Integrated Development Plan
- Communication & Tourism
- Project Management
- Occupational Health & Safety
- Municipal Finance

Interested Matriculants with no formal or prior experience or part of former learnerships can forward their Curriculum Vitae (CV) to the following e-mail address not later than 31 December 2025 @ 17:00 msclaasen@wcdm.co.za.

The gap year offering is only for West Coast Matriculants (unemployed) 2025 Matriculants awaiting Grade 12 outcome can also apply. Grade 12 certificate/outcomes will be verified at later stage.

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of

Deed of Transfer T19526/11

passed by **MUNISIPALITEIT MATZIKAMA**

in favour of **ELIZABETH HANEKOM**, identity number **360427 0069 087**, unmarried

in respect of certain **Erf 2401, VREDENDAL**, in the **Matzikama Municipality, Division Vanrhynsdorp, Province Western Cape** which has been lost or destroyed.

All interested persons having objection of the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds: Western Cape at Cape Town at Floor 4, Information Desk, 2 Riebeeck Street, Cape Town within two weeks from the date of publication of this notice.

Dated at VREDENDAL this 1st day of December 2025.

Applicant:

KOOS COETZEE ATTORNEYS
14 Dorp Street, Vredendal, 8160
Email: admin@kcplaw.co.za
Contact number: 027 213 1869

KENNIS-GEWING

Ons Kontrei en Protea Drukkery se kantore sluit die 18de Desember en open weer op die 12de Januarie.

1. GELUKWENSING
2. STERFGEVALLE
3. IN MEMORIAM
4. BEDANKINGS
5. LENINGS
6. DIENSTE
7. DAGSORG
8. EETGOED
9. BETREKKING
10. GESOEK
11. VERLORE / VERMIS
12. ALGEMEEN
13. BOTE / DIUK-TOERUSTING
14. LEWENDEHAWE
15. TROETELDIERE
16. GESOEK / BENODIG
17. MEUBELS
18. MUSIEK-INSTRUMENTE
19. RADIO / TV / VIDEO
20. TUINBOUDIENSTE
21. JUWELIERSWARE
22. BESIGHEIDS-GELEENTHEID
23. SPORTTOERUSTING
24. VAKANSIE
25. AKKOMMODASIE
26. REKENAARS
27. KANTOOR-TOERUSTING
28. BOUMATERIAAL
29. BOUWERK / VERF
30. VERVOER
31. AKKOMMODASIE
32. TE HUUR
33. SEKURITEIT / WAPENS
34. FIETSE
35. MASJINERIE/IMPELEMENTE
36. ONDERDELE / ENJINS
37. MOTORHERSTELWERK
38. SLEEPWAENS
39. MOTORFIETSE
40. WOONWAENS
41. VOERTUIE
42. EIENDOM
43. BETREKKINGS
44. BLINDINGS
45. ELEKTRIESE-WARE
46. GRASSNYERS
47. TE KOOP
48. TE RUIL

KOPIEREG

Geen berig, foto, artikel of advertensie wat in die ONS KONTREI verskyn het mag sonder verloop van die Redakteur gereproduseer word nie, ingevolge Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg van 1978.

ONS KONTREI se redaksie deel nie noodwendig die menings van lesers, adverteerders of korrespondente nie. Uitgegee deur Protea Drukkery, Sentraalstraat 8, Vredendal 8160.

Uitgewer:
Riaan Oberholzer,
Posbus 140
Vredendal, 8160
Tel (027) 213 2074
Faks (027) 213 2075

Opleiding aan interns, assistente en Yeboneers binne Kring 5

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL-NOORD: Assistente, Yeboneers en interns is op 25 Junie bemaagt met opleiding rakende die Stop Misbruik Protokol van die WKOD, asook Leser- en Skryweropleiding volgens Departement van Basiese Onderwys se voorskrifte. Deelnemers aan hierdie opleiding was van Hoërskool Vanrhynsdorp, Vredendal Senior Sekondêr, Vergenoeg Primêr, Vredendal-Noord Primêr, Naasdrift Primêr en Steilhoogte Primêr.

Die doel van hierdie opleiding was om die deelnemers toe te rus met die korrekte en doeltreffende prosedures oor die hantering van mishandeling en verwaarloosing van leerders by skole volgens die Stop Misbruik Protokol van die WKOD. Deelnemers aan die opleiding moes toepaslike evaluasie-vraelyste voltooi om hul begrip te meet rondom die prosesse van aanmelding en die korrekte hantering van aanmeldings en verwysings.

Die Leser- en Skryweropleiding is aangebied om inklusiewe ondersteuning aan leerders met spesifieke leerhindernisse en uitdagings te ondersteun. Hierdie opleiding het egter keuringsvereistes en alle kandidate wat hiervoor kwalifiseer, moes eers 'n toets skryf en slaag om hul as vrywilliger-hulp tydens eksamen en toetsaflegging te gebruik. Al die assistente, Yeboneers en interns moet oor 'n minimum kwalifikasie van graad 12 beskik om as vrywilliger opgelei te word. Die kandidate wat die keurings-toets geslaag het, sal gebruik kan word om leerders wat praktiese eksamenhulp/ondersteuning benodig, met hul skryf- en leesvaardighede te ondersteun. Hierdie is 'n instrument wat beskikbaar gestel



Interns en Yeboneers.

word om inklusiwiteit binne die WKOD te ondersteun.

Groot erkenning word aan Vergenoeg Primêr, een van drie voldiensskole binne Kring 5, gegee vir die beskikbaarstelling van hul skoolsaal om die groep te kon oplei, midde die gewone skoolaktiwiteite.

Die aanbieding is gelei deur die skool maatskaplike werker, Susan Carstens, wat gefokus het op die Stop Misbruik Protokol van die WKOD.

Benette Greeff, die leerondersteuningsadviseur, het die Leser- en Skryweropleiding behartig met die skryf van die gepaardgaande toets na afloop daarvan. Kandidate wat die kursus slaag, sal van 'n toepaslike opleidingsertifikaat voorsien word. Hul name sal ook op 'n databasis

geplaas word vir wanneer Leser- en Skrywer-assistente benodig word.

Inklusiwiteit by skole kan nie genoeg beklemtoon word nie, want alle leerders moet 'n regverdige kans kry om hul potensiaal volgens hul vermoëns te kan ontwikkel in 'n veilige, beskermende en omgee skoolgemeenskap.

Carstens en Greeff vorm deel van die Distrik Gebaseerde Ondersteuningspan wat op Vredendal gesetel is en resorteer onder die Distrikskantoor Paarl, Weskus.

Kring 5 (Vredendal) bied bestuursondersteuning aan gewone openbare- en voldiensskole om die lewering van gehalte-

onderwys te verseker.

Die distrik werk saam met skoolhoofde en opvoeders in skole, met die noodsaaklike bystand van kringkantore, om toegang tot en behoud van onderwys te verbeter, bestuurs- en professionele ondersteuning te bied, en skole te help om uitnemendheid en inklusiwiteit in leer en onderrig te bereik.

Groot sportgeleenthede vir sussies

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Die tweeling, Antru en Anlo Esterhuizen is leerders aan Pomario Onafhanklike Skool. Hulle is beide opgeneem in die Weskus Netbalspan wat aan die Wes-Kaap Interdistriktoernooi deelgeneem het. Die tweeling is ook opgeneem in 'n uitnodigingspan wat in Desember na Dubai gaan vir die netbaltoernooi wat daar aangebied word.

Hulle jonger suster, Zané is opgeneem in die Wes-Kaap netbalspan wat aan die SA Netbaltoernooi in Boksburg deelgeneem het. Zané het ook die Victrix Ludorum by die Boland Tweekamp gewen en haar ereklere ontvang.

Zané was verlede jaar 1ste in die SA Biathle byeenkoms. Daar wag ook nog die Biathle Wêreldbyeenkoms wat in Desember in Mosselbaai gehou word. Die O/13 span van 3 het ook verlede jaar by die Wêreldbyeenkoms die spankompetisie gewen. Die hele Citrusdal staan agter die kinders sodat hulle weer genoeg fondse bymekaar kan maak om al die byeenkomste te kan bywoon.

Die gemeenskap wil graag die twee uitblinkers en hulle ouers help om hulle droom te bereik en vra of daar enige iemand is wat hulle ook wil help met 'n donasie klein of groot, wat direk in die onderstaande

bankrekening inbetaal kan word. Citrusdal sê byvoorbaat dankie dat die jeug wat presteer gehelp kan word deur 'n bydrae.

Indien iemand bereid is om iets by te dra, maak 'n inbetaling by: Esterhuizen Sport, ABSA spaarrekeningnommer 9397275141.



Anlo, Zané en Antru Esterhuizen.

Tennisspelers deur na Cavaliers proewe

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Die naweek van 8 November was 'n trotse oomblik vir Laerskool Olifantsvallei.

Vier van hulle leerders wat in die Platteland tennisspan opgeneem is, het aan die Interdistrikskompetisie deelgeneem en pragtige uitslae behaal.

Die O/10 span het goud behaal. Die O/11 span het silwer en die O/12 span goud behaal. Die spelers is genooi om aan die Cavaliers proewe deel te neem wat van 5 tot 7 Desember plaasvind.

Lené Koekemoer, Jani van der Merwe, Wiané van der Vyver en Cady Fortuin.



OMGEWINGSMAGTIGING EN WATERGEBRUIKSLISENSIE-AANSOEK VIR DIE VOORGESTELDE HERSEËL EN REHABILITASIE VAN PAD DR 2215 (THE BATHS ROAD) VAN KM 0.00 TOT KM 15.73 ('N TOTAAL VAN 15.73 KM) NABY CITRUSDAL, WES-KAAP

DEA&DP KENNISGEWING VAN VOORNEME OM 'N AANSOEK IN TE DIEN VERWYSING: 16/3/6/7/1/F2/2/2141/25 OPENBARE DEELNAMEPROSES

Kennis geskied hiermee ingevolge die Nasionale Omgewingsbestuurswet, 1998 (Wet No. 107 van 1998) (NEMA) en die Omgewingsimpakbepaling (OIB) Regulasies, 2014, soos gewysig, en ingevolge die Nasionale Waterwet (Wet No. 36 van 1998) (NWW), van die aanvang van 'n Basiese Assessering (BA) Proses en die gepaardgaande Openbare Deelnameproses.

Aansoeker: Wes-Kaapse Regering: Departement van Infrastruktuur

Projek: Die Voorgestelde Herseël en Rehabilitasie van die Distrikspad DR 2215 (The Baths Road) vanaf km 0.00 tot km 15.73 naby Citrusdal, Wes-Kaap. Soos per die coördinate hieronder raangedui

Koördinate van DR 2215 wat herseël en rehabilitasie benodig	Breedtegraad	Lengtegraad
Begin Koördinate	32°36' 00" S	18° 59' 54" O
Middel Koördinate	32°40' 17" S	19° 01' 05" O
Eind Koördinate	32°42' 30" S	19° 01' 50" O

'n Basiese Assesseringproses word vereis vir die Aansoek om Omgewingsmagtiging aangesien die voorgestelde ontwikkeling die volgende Gelysde Aktiwiteite in terme van die NEMA OIB Regulasies, 2014, soos gewysig, aktiveer:

- Lyskennisgewing 1: GelysdeAktiwiteit 12 en 19
- Lyskennisgewing 3: GelysdeAktiwiteit 12 en 14

'n Watergebruik-lisensie-aansoek word vereis aangesien die voorgestelde ontwikkeling die volgende aktiwiteite in terme van die NWW, 1998, aktiveer:

- Artikel 21 (c) verhinderende of verlegging van die vloei van water in 'n waterloop
- Artikel 21 (i) wysiging van die bodem, oewers, koers of kenmerke van 'n waterloop

Geleentheid om Deel te Neem: 'n Konsep Basiese Assesseringsverslag (DBAR) is vrygestel vir 'n 30-dag openbare kommentaartydperk vanaf 18 November 2025 tot 09 Januarie 2026. Ná die vrystelling daarvan is wysigings gemaak, en die Konsep BAR is weer beskikbaar gestel vanaf 27 November 2025. Die openbare kommentaar- en hersieningstydperk vir die DBAR is nou verleng tot 19 Januarie 2026. 'n Afskrif van die KBAV kan by die Citrusdal Biblioteek (Mullerstraat, Citrusdal, 7340) en op JG Afrika se webtuiste: www.jgafrika.com/public-participation, besigtig word. Geskrewe kommentaar moet teen nie later nie as 19 Januarie 2026 by JG Afrika ingedien word.

Belangstellende en Geaffekteerde Partye (B&GP's) word uitgenooi om te registreer en geskrewe kommentaar op die Konsep BAV te lewer.

Vir meer inligting, kontak asseblief JG Afrika:
Ms Aneesah Samodien / Mr Nonofu Motsei
E-pos: ppp-ct@jgafrika.com
Telefoon: +27 21 530 1800 | Faks: +27 21 532 0950
Posadres: PO BOX 38561, Pinelands, 7430
Webwerf: <http://www.jgafrika.com/public-participation/>

Stempels

BESKIKBAAR by

ONS KONTREI

KANTORE,

CENTRALSTRAAT 8

VREDENDAL

TEL: 027 213 2074



Ons Kontrei

Tel: 027 213 2074

Ons mense se koerant

SPORT NUUS

5 DESEMBER 2025

Veldskoendraai

parkrun/walk

5km stap of draf

Saterdag om **7:00**

Veldskoendraai Padstal en Restaurant

Registreer by

www.parkrun.co.za/veldskoendraai

Namaqua atlete hardloop in die Boland

Berig: Elna Esterhuyse

Foto's: Verskaf

VREDENDAL: Die Boland het sy beste weer uitgepak vir die afgelope naweek se Sportsmans Warehouse Marathon in Stellenbosch, en 21 atlete van Namaqua Atletiekklub het die jaar se laaste grote kafgedraf. Vier atlete voltooi die marathon, sestien die halfmarathon en een die 10km. Die wedloop se gewildheid het weer veroorsaak dat die inskrywingsgetal lank voor die sluitingsdatum bereik is en heelwat atlete gevolglik bedroë moes sit sonder inskrywings.

Een van Namaqua se nuwelinge, Cameron Beukes, het 'n inskrywing via 'n kansellasie bekom en sommer in sy eerste halfmarathon sy stem dik gemaak: met 'n skitterende tyd van 01:14:18 is hy algeheel sewende en in sy kategorie vyfde uit 2639 atlete wat die wedloop voltooi het.

Uitslae: 42,2km: Elizabeth Badenhorst (04:42:01), Sanet Calitz (04:27:58),

Elizabeth Coertzen (04:39:22), Melanie Cruywagen (04:42:01).

21,1km: Chris Barnard (02:57:38), Lee-Ann Barnard (02:57:38), Cameron Beukes (01:14:18), Karin Burger (02:39:13), Stephanus Burger (02:16:44), Danie Calitz (02:22:39), Sharon Calitz (02:19:34), Bianca Cancelliere (02:51:53), Karina de Villiers (02:00:49), Adrian Eksteen (01:53:04), Elna Esterhuyse (02:59:28), Denise Farmer (03:09:57), Jaco Lesch (02:46:50), Adele Maass (02:56:12), Alwyn Maass (01:59:00), Helen Rich (02:23:43).

10km: Frieda Barnard (01:38:37)

Aninda Maass moes net voor die wedloop onttrek as gevolg van 'n besering, maar het saam met die getrouste Namaqua-ondersteuners, Heloise-Vollie Vollgraaff en Pienkie Pretorius, die eindpunt beman en hulle opgewondenheid en toejuiging maak selfs die moeilikste wedloop se tuiskoms lekker!



Agter is Cameron Beukes, Danie Calitz, Elna Esterhuyse, Sharon Calitz, Jaco Lesch, Helen Rich, Adele Maass, Adrian Eksteen, Alwyn Maass, Karin Burger, Stephanus Burger en Chris Barnard. Voor is Lee-Ann Barnard, Bianca Cancelliere, Denise Farmer en Karina de Villiers.



Sanet Calitz, Elizabeth Coertzen, Elizabeth Badenhorst en Melanie Cruywagen.



Frieda Barnard, en Aninda Maass.



Ondersteuningspan in posisie: Helen Rich, Hetsie Steenkamp, Pienkie Pretorius en Heloise Vollgraaff.

La'Mar nog op wenpad

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

LAMBERTSBAAI: La'Mar Krieketklub is nog op die wenpad nadat hulle op 22 en 29 November beide hul wedstryde gewen het.

Op 22 November het La'Mar teen Moorreesburg II te staan gekom en hulle oortuigend met 9 paaltjies gewen. Moorreesburg het eerste gekolf en is uitgehaal vir 'n skamele 103 lopies. La'Mar het die wenteiken in die 14de boulbeurt behaal. Sterk kolfbydraes is gelewer deur Theo Kamfer (23), Paul Koopman (39), en Luaan van der Heever (26).

Op 28 November het La'Mar teen Arcadian Masters van Vanrhynsdorp kragte gemeet.

Arcadian Masters het eerste gekolf en

is vir 154 lopies uitgehaal. Net Cloete en Love kon noemenswaardige bydraes van 32 elk tot hul span se lopietotaal lewer.

La'Mar het baie bestendig in hulle kolfbeurt vertoon. Die wenlopies is in die 34ste boulbeurt aangeteken. La'Mar eindig met 155/5 paaltjies. Die span se beste kolwers was Theo Kamfer (39), en William Bester (36). Bester is ook aangewys as Speler van die Wedstryd.

Beste boulders aan La'Mar se kant was William Bester, 4/33 en Paul Koopman, 3/34. Die 50-jarige Jerome Bezuidenhoudt was ewe indrukwekkend met boulders van 2 paaltjies vir 14 lopies in 9 boulbeurte.

La'Mar wen die wedstryd teen Arcadian Masters met 5 paaltjies.

Hulle volgende wedstryd is op 6 Desember teen Moorreesburg I.



La'Mar Krieketspan.